# KENNISGEWING:

## AANSOEK OM STIGTING VAN DIE BRACKENFELL BUSINESS IMPROVEMENT DISTRICT (BEPERKTE GEBIED)

**Kennisgewing geskied hiermee dat:**

1. Aplitronics CC, synde die geregistreerde eienaar van Erf 424, geleë te 6 Dana Straat, Brackenfell, het aansoek gedoen om die stigting van die **Brackenfell Business Improvement District (Beperkte Gebied)** ingevolge Kaapstad se Spesiale-aanslag-gebiede-verordering 2012 saam gelees met Kaapstad se Spesiale-aanslag-gebied-beleid 2013 in die gebied wat alle kommersiële belastingbetalende eiendomme insluit wat begrens word deur:

*Westelike Grens*

Vanaf die westelike grens van ERF 9565 langs die spoorlyn noordwaarts langs die grens van Erf 9565 en die westelike grens van Erf 10618 tot en met Ou Paarlweg, dan langs Ou Paarlweg insluitende alle kommersiële eiendomme noord van Ou Paarlweg tot en met Brackenfell Boulevard. Van daar loop die grens noordwaarts lang Gainsfordstraat insluitende alle kommersiële eiendom aangrensende aan Gainsfordstraat. Die grens volg dan Wit Kareeboomstraat insluitende Millennium Mall en dan langs Frans Conradie tot en met Brackenfell Boulevard. The grens volg die padreserwe van Brackenfell Boulevard tot Dewaalstraat, Kokerboomstraat en Fickstraat en volg dan weer Brackenfell Boulevard tot en met Geodehoopstraat.

*Noordelike Grens*

Vanaf Goedehoopstraat volg die grens die oostelike kant van Brackenfell Boulevard om alle eiendom wat grens aan Brackenfell Boulevard in te sluit tot en met Handelstraat. The grens volg dan Handelstraat en Araunastraat tot en met Paradysstraat. Die grens volg dan Paradysstraat tot en met Roglandstraat om Erf 2526 in te sluit en dan langs die grens van Erf 2526 suidwaarts tot en met Frans Conradie.

*Oostelike Grens*

Vanaf Frans Conradie langs Sendingstraat tot en met Kwartelstraat en dan ooswaarts tot en met Windmeulstraat insluitende alle kommersiële eiendomme wat grens aan Ou Paarlweg.

*Suidelike Grens*

Vanaf die westelike grens van ERF 9565 ooswaarts langs die spoorlyn tot en met die kruising met Ou Paarlweg.

2. Die aansoek, tesame met ander besonderhede van die aansoek, lê ter insae in die kantoor van BOLT Risk Management, 6 Dana Straat, Brackenfell en by die Stad Kaapstad, Inter Service Liason-kantoor, 8de Verdieping, Burgersentrum, Hertzog Boulevard 12, Kaapstad (navrae: E. Scott, Tel 021 400 1872).

3. Enige besware teen die stigting van die **Brackenfell Business Improvement District (Beperkte gebied)** moet skriftelik gerig word aan die Stadsbestuurder, Privaatsak 298, Kaapstad, 8000 of per hand afgelewer word by die Stadsbestuurder, 5de Verdieping, Podiumblok, Burgersentrum, Hertzog Boulevard 12, Kaapstad.

4. Besware moet die Stadsbestuurder se kantoor teen nie later as 29 November 2013 bereik nie.

5. Kennisgewing van 'n Openbare vergadering met die doel om:

i) Tersaaklike inligting rakende die aansoek te verskaf.
ii) Praktiese implikasies te bespreek wat daarmee verband hou.

**DATUM:** 11 November 2013
**TYD:** 17:00 vir 17:30
**PLEK:** Brackenfell Burgersentrum
**LIGGING:** Hv Pardysstraat en Ou Paarlweg

**ALLE EIENAARS VAN EIENDOM IN DIE VOORGESTELDE SPESIALE-AANSLAGGEBIED WORD VERSOEK OM DIE VERGADERING BY TE WOON.**

Vir enige navrae kontak Phillip van Zijl by Tel: 082 904 5997

**Let wel, indien u nie die geregistreerde eienaar van n eiendom is nie word u versoek om asseblief hierdie kennisgewing onmiddellik aan te stuur na die geregistreerde eienaar of verskaf die kontak besonderhede van die eienaar aan G. Lohrentz by gene@geocentric.co.za, 083 255 7657, sodat daar kontak gemaak kan word met die eienaar.**

RDL-KENNISGEWING 2 - 18 10 13-(237)-ill